basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## VERBRUIKERSTUDIES

## FEBRUARIE/MAART 2016

**PUNTE: 200**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit SES vrae.

| VRAAG | INHOUD | PUNTE | TYD (minute) |
|---|---|---|---|
| 1 | Kortvrae (Alle onderwerpe) | 40 | 20 |
| 2 | Die Verbruiker | 20 | 20 |
| 3 | Voedsel en Voeding | 40 | 40 |
| 4 | Kleding | 20 | 20 |
| 5 | Behuising | 40 | 40 |
| 6 | Entrepreneurskap | 40 | 40 |
| | **TOTAAL:** | **200** | **180** |

2. AL die vrae is VERPLIGTEND en moet in die ANTWOORDEBOEK beantwoord word.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.

5. Jy mag 'n sakrekenaar gebruik.

6. Skryf slegs met swart of blou ink.

7. Gee aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Skryf netjies en leesbaar.

## VRAAG 1: KORTVRAE

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.20) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.21 C.

1.1.1 Leonora het haar huis vir baie meer verkoop as wat sy daarvoor betaal het. Sy is aanspreeklik vir ...

A boedelbelasting.
B kapitaalwinsbelasting.
C skenkingsbelasting.
D eiendomsbelasting. (1)

1.1.2 Die regering se hoofbron van inkomste:

A Verskillende tipes belasting
B Besighede se wins/profyt
C Borgskappe van oorsese maatskappye
D Rente ontvang van banke (1)

1.1.3 'n Stokvel is 'n spaarklub en ...

A 'n oneerlike skema.
B dit leen geld teen 'n hoë rentekoers uit.
C verkoop goedkoop ingevoerde goedere.
D dit kom in die gemeenskap voor. (1)

1.1.4 Hierdie voedselitem moet liewer nie saam met 'n maaltyd geniet word as 'n persoon anemies is nie:

A Botter
B Konfyt
C Koffie
D Melk (1)

1.1.5 Die voedselverwante gesondheidstoestand wat beheer kan word deur koolhidraatryke voedsel met 'n lae glukemiese indeks te kies:

A Anemie
B Diabetes
C Hipertensie
D Osteoporose (1)

1.1.6 Identifiseer die groep voedselbymiddels wat galsterigheid en verkleuring van voedsel voorkom:

A Stabiliseerders
B Bleikmiddels
C Chemiese preserveermiddels
D Antioksidante (1)

1.1.7 E. coli-infeksie ...

A is 'n bakteriese infeksie wat krampe en diarree veroorsaak.
B is 'n aansteeklike lewersiekte wat deur 'n virus veroorsaak word.
C is 'n virale infeksie wat die spysverteringkanaal aantas.
D word deur 'n bakterium veroorsaak wat gewoonlik die longe aantas. (1)

1.1.8 Voedselsekerheid beteken dat ...

A Suid-Afrikaanse boere selfvoorsienend is.
B Suid-Afrika voedsel na baie ander lande uitvoer.
C voedsel sonder skadelike chemikalieë geproduseer word.
D mense genoeg veilige voedsel vir 'n gesonde lewe kan bekom. (1)

1.1.9 Kleure wat die basis van 'n veelsydige klerekas vir die werksomgewing behoort te vorm:

A Helder kleure
B Ligte kleure
C Neutrale kleure
D Primêre kleure (1)

1.1.10 Bestudeer die foto's hieronder en kies die klere-item of bykomstigheid wat die beste keuse sou wees om by 'n professionele werksklerekas te voeg.

| **1** | **2** | **3** | **4** |
|---|---|---|---|
|  |  |  |  |
| Rok van 100% viskose met groot tropiese drukwerk | Serp van 70% katoen en 30% sy, met tropiese drukwerk | Sweetpaktop van 100% katoen met tropiese blaarpatroon | Rugsak van 100% katoen met tropiese blaarpatroon |

[Bron: www.woolworths.co.za]

A 1
B 2
C 3
D 4 (1)

1.1.11 Leo se banklening dek nie die hele aankoopprys van sy huis nie. Hy kan gevra word om met ... te help.

A kollaterale sekuriteit
B oordragfooie
C aanvangsfooie
D okkupasiehuur (1)

1.1.12 Die universele ontwerp van huishoudelike toestelle is op ... gegrond.

A die sny van koste en vermindering van die koolstofvoetspoor
B funksionaliteit en die vermindering van waterbesoedeling
C die verbetering van veiligheidskenmerke en maklike gebruik
D die vergelyking van verskillende kenmerke van toestelle (1)

1.1.13 Hierdie tipe transaksie is duurder omdat die verbruiker rente en administrasiefooie moet betaal:

A Debietkaarttransaksie
B Kontantkaarttransaksie
C Bêrekooptransaksie
D Huurkooptransaksie (1)

1.1.14 Die energiegradering op 'n wasmasjien beteken dat dit ...

A met koue water kan werk.
B elektrisiteit doeltreffend gebruik.
C min energie gebruik om water te herwin.
D met baie min waspoeier was. (1)

1.1.15 Die rente wat gehef word as 'n wasmasjien volgens 'n huurkooptransaksie gekoop word, word deur die ... gereguleer.

A Wet op Verbruikersbeskerming
B verbruikersprysindeks
C Nasionale Kredietwet
D Suid-Afrikaanse Reserwebank (1)

Lees die scenario hieronder en beantwoord VRAAG 1.1.16 tot 1.1.18 wat volg.

| |
|---|
| Ara woon op 'n plaas met baie appelkoosbome. Sy neem in die somer sewe werkers in diens om haar te help om konfyt en blatjang te kook. Sy verkoop hoëgehalteprodukte met aantreklike etikette aan 'n aantal winkels in die gemeenskap. |

1.1.16 Die faktor wat Ara die meeste oorweeg het toe sy op geskikte produkte vir produksie besluit het:

A Beskikbare grondstowwe
B Beskikbare werkruimte
C Finansiële hulpbronne
D Verbruikersaanklank (1)

1.1.17 Die belangrikste faktor om te verseker dat Ara se produkte van hoë gehalte is:

A Goeie toerusting
B Vars produkte
C Aantreklike etikette
D Billike verkoopprys (1)

1.1.18 Die maande wat die beste tyd vir Ara sal wees om haar toerusting te versorg/instandhouding te doen:

A Januarie en Februarie
B Julie en Augustus
C Oktober en November
D November en Desember (1)

1.1.19 'n Korrekte stelling oor beginsels vir goeie kliëntebetrekkinge in 'n besigheid:

A Die verkoopspersoneel moet die kliënte stilweg volg.
B Gee aandag aan slegs ernstige verbruikersklagtes.
C Teken klagtes aan en kontak kliënte om op 'n saak in te gaan.
D Slegs die besigheid se eienaar kan die kliënte se behoeftes bevredig. (1)

1.1.20 'n Finansiële-uitvoerbaarheid-studie ...

A is 'n gedetailleerde beskrywing van 'n bemarkingsplan.
B is 'n evaluering van 'n besigheid om te bepaal of dit 'n sukses sal wees.
C identifiseer die verkoopsmikpunte vir die eerste twee maande.
D is 'n voorspelling van 'n toekomstige situasie wat op die huidige situasie gebaseer is. (1)

1.2 Kies 'n nutriënt uit KOLOM B en 'n gevolg uit KOLOM C wat pas by die voedselverwante gesondheidstoestand in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–G) en die Romeinse syfer (i–vii) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.4) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.2.5 H viii.

| **KOLOM A VOEDSELVERWANTE GESONDHEIDS-TOESTAND** | **KOLOM B NUTRIËNT** | **KOLOM C GEVOLG VAN DIE VOEDSELVERWANTE GESONDHEIDS-TOESTAND** |
|---|---|---|
| 1.2.1 Anemie | A kalsium | i winderigheid en diarree |
| 1.2.2 Diabetes | B glukose | ii been verloor digtheid |
| 1.2.3 Laktose-intoleransie | C yster | iii kan koronêre hartsiekte veroorsaak |
| 1.2.4 Melkallergie | D melksuiker | iv oormatige gewigsverlies |
| | E melkproteïen | v lei tot blindheid |
| | F natriumchloried | vi immuunstelsel reageer |
| | G koringproteïen | vii verminder suurstof-toevoer na selle |

(4 x 2) (8)

1.3 Gee EEN woord/term vir elk van die beskrywings hieronder. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.7) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.3.1 Tipe eienaarskap waar die koper die wettige eienaar van die hele eiendom word (1)

1.3.2 Belasting wat aan die ontvanger van inkomste betaal word elke keer as die eiendom van eienaar verwissel (1)

1.3.3 Dokument wat bewys wie die wettige eienaar van die eiendom is (1)

1.3.4 'n Fooi wat deur die bank gehef word om die huislening te verwerk (1)

1.3.5 Versekering om die huisverband te delg as die koper onverwags iets sou oorkom (1)

1.3.6 Versekering wat verliese sal dek indien die huisstruktuur skade sou opdoen weens 'n natuurramp, ongeluk, oorstromings of brand (1)

1.3.7 Tipe rente waar die verbandpaaiemente nie deur veranderinge in die rentekoers beïnvloed sal word nie (1)

1.4 Identifiseer VYF stellings oor modesiklusse in die lys hieronder wat KORREK is. Skryf slegs die letters (A–J) langs die vraagnommer (1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

A 'n Uitgediende mode kom aan die begin van die modesiklus voor.
B 'n Mode bereik sy hoogtepunt as die styl in al die kettingwinkels beskikbaar is.
C Hoogmode-items word op die hoogtepunt van die modesiklus gedra.
D Wanneer die mode-item begin afneem, sal die kledingstukke uitverkoop word.
E Modes word op die loopplank bekendgestel.
F Mode-items is gewoonlik duur wanneer dit bekendgestel word.
G Modesiklusse is altyd simmetries.
H In die beginstadium word mode-items in groot hoeveelhede geproduseer.
I Opkomende modes word in modetydskrifte geadverteer.
J Standaardmodeneigings duur 5 tot 8 jaar. (5)

**[40]**

## VRAAG 2: DIE VERBRUIKER

2.1 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**VOEDSELPRYSE SLAAN MENSE IN DIE LANDELIKE GEBIEDE DIE HARDSTE**

Die verbruikersprysindeks (VPI) vir Junie was 6,6%. Die VPI vir mense wat in landelike gebiede woon, was in Junie 7,7%. Dit is omdat vervoerkoste 'n groter invloed op mense het wat in afgeleë gebiede woon en dit veroorsaak 'n styging in alle pryse. Die droogte in die tweede helfte van 2013 het 'n skerp styging in die prys van brood en graankos veroorsaak. 'n Hoër mielieprys beteken hoër koste om hoenders te voer. Daar is dus 'n verband tussen die prys van mielies en pluimvee.

Die prys van vrugte en groente kan toegeskryf word aan die abnormale hoë reënval wat in Maart vloede in die noordelike dele van die land veroorsaak het. Dit het tot tekorte en skerp prysstygings gelei. Pryse het ook gestyg as gevolg van die verswakking van die wisselkoers van die rand.

[Aangepas uit *Die Burger*, 24 Julie 2014]

2.1.1 Definieer die term *verbruikersprysindeks.* (2)

2.1.2 Verduidelik die redes vir die styging van voedselpryse. (4)

2.2 Noem praktiese maniere om water in die volgende gevalle te bespaar:

2.2.1 Spoel van die toilet (2)

2.2.2 Tuinmaak (2)

2.3 Teken die tabel hieronder oor en voltooi dit met betrekking tot die verskillende tipes geldmaakskemas.

| KRITERIA | PIRAMIDESKEMA | MULTIVLAK-BEMARKINGSKEMA |
|---|---|---|
| Bron van inkomste | | |
| Status in Suid-Afrika | | |

(4)

2.4 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

**LAAT JOU BONUS HIERDIE JAAR VIR JOU WERK**

Verbruikers word aangemoedig om inflasie in 2017 hok te slaan/te klop deur hulle 13de tjek met oorleg te gebruik, in plaas daarvan om dit op die feestelikhede in Desember te spandeer. Om in Januarie geld te leen om deur die eerste maand van die jaar te kom, kan die res van die jaar 'n finansiële las word. Finansiële raadgewers gee die volgende wenke:

- Betaal skuld met hoë rentekoerse.
- Betaal die volgende jaar se skoolgeld.
- Betaal ekstra op jou huislening.
- Deel verblyf- en voedselkoste wanneer jy saam familie of vriende vakansie hou, ongeag van waar jy tuisgaan.
- Maak seker dat elke gesin bydra.

[Aangepas uit *City Press*, 9 November 2014]

Motiveer DRIE van die wenke hierbo oor hoe verbruikers inflasie kan hok-slaan/klop. (3 x 2) (6)

**[20]**

## VRAAG 3: VOEDSEL EN VOEDING

3.1 Beantwoord die volgende vrae oor disenterie.

3.1.1 Noem VYF oordragsmoontlikhede van disenterie in die voedselomgewing. (5)

3.1.2 Verduidelik hoe disenterie behandel kan word. (3)

3.2 Beantwoord die volgende vrae oor hoë bloeddruk.

3.2.1 Noem DRIE dieetverwante oorsake van hoë bloeddruk. (3)

3.2.2 Die Hart-en-beroerte-stigting beveel aan dat jou bloeddruk gereeld getoets word. Skryf 'n paragraaf om redes vir hierdie aanbeveling te verskaf. (3)

3.3 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

> Ed se ma het gesê: 'Ek is werklik bekommerd oor Ed. Kyk hoe lyk hy, hy is so maer. Hy verloor gedurig gewig omdat hy sy voedselinname beperk en hy oefen uitermate baie. Hy eet moontlik nie reg by die universiteit nie.'
>
> Die meeste ouers is bekommerd daaroor dat hulle kind op universiteit nie reg eet nie. Gewoonlik is hierdie besorgdheid ongegrond, maar soms is dit nie.
>
> [Aangepas uit *The Guardian*, 18 April 2014]

Bespreek die siekte/kwaal waaroor Ed se ma bekommerd is. (3)

3.4 Noem DRIE allergiese reaksies op die voedselbymiddel tartrasien. (3)

3.5 Bestudeer die etiket hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**ROU TUNAVISKOEKIES**

**Gaarmaakinstruksies**
- Voorverhit oond tot 200 °C.
- Bak viskoekies op 'n rak vir 15–20 minute.

**Bestanddele**
Tuna (34%), melk, aartappel, krummels (bevat koringmeel, sout, sonneblomolie, water, kanola-olie), crème fraiche (bevat room, aanvangs-kultuur, preserveermiddel: kaliumsorbaat), beslag (bevat aartappelstysel, koringstysel, palmpitolie, rysmiddel, emulsifiseerder), verdikker, botter (bevat bottervet, kleurmiddel), suurlemoensap, pietersielie (bestraal), uiepoeier (bestraal), knoffelpoeier (bestraal), peper (bestraal)

**Allergene**
Vis, koring, gluten, beesmelk, swaeldioksied

**Hoog in omega 3**

**Tipiese voedingkundige inligting**

| **Gemiddelde Waardes** | **Per 100 g-porsie** | **Per 80 g-porsie** |
|---|---|---|
| Energie | 839 kJ | 671 kJ |
| Proteïen | 10,2 g | 8,2 g |
| Koolhidrate waarvan | 18 g | 14 g |
| suiker | 0 g | 0 g |
| Totale vet waarvan: | 10,5 g | 8,4 g |
| Versadigde vet | 2,5 g | 2 g |
| Transvet | 0,1 g | 0,1 g |
| Mono-onversadigde vet | 5,8 g | 4,6 g |
| Poli-onversadigde vet | 2,2 g | 1,8 g |
| Omega 3 | 578 mg | 462 mg |
| Cholesterol | 36 mg | 29 mg |
| Dieetvesel | 2,9 g | 2,3 g |
| Totale natrium | 338 mg | 270 mg |

3.5.1 Definieer die term *allergene.* (2)

3.5.2 Verduidelik waarom die viskoekies nie vir 'n persoon met glutenintoleransie geskik is nie. (2)

3.5.3 Gee redes waarom party van die bestanddele bestraal is. (2)

3.5.4 Verduidelik die funksie van die preserveermiddel in die crème fraiche. (2)

3.5.5 Bespreek hoe die voorgestelde gaarmaakmetode vir die viskoekies vir 'n persoon wat aan vetsug ly, voordelig kan wees. (2)

3.5.6 Evalueer die geskiktheid van die viskoekies in die beheer van koronêre hartsiektes. (10)

**[40]**

## VRAAG 4: KLEDING

4.1 Noem DRIE gevolge van handelsnaamroof/-plagiaat. (3)

4.2 Noem wat gedurende die eerste stadium van die modesiklus verwag kan word om te gebeur. (2)

4.3 Verduidelik waarom modesiklusse oorvleuel. (2)

4.4 Bestudeer die foto hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



Hierdie klassieke, wit, getailleerde manshemp het swart vertikale strepe en 'n afwerking wat maklik stryk.

[Bron: www.woolworths.co.za]

4.4.1 Verduidelik die optiese illusie wat deur die vertikale strepe geskep word. (3)

4.4.2 Bespreek waarom hierdie hemp 'n goeie keuse as 'n basiese item vir 'n man se werksklerekas is. (4)

4.5 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

'n Uitrusting bestaan uit 'n wit hemp, donkerblou baadjie, ligblou noupassende broek ('skinny pants') en 'n blou en wit geblomde strikdas.

[Bron: www.truworths.co.za]

Ontleed hoe modegiere, klassieke style en kontemporêre style in hierdie uitrusting gekombineer word om 'n harmonieuse kleurkombinasie te skep. (6)

**[20]**

**VRAAG 5: BEHUISING**

5.1 Noem VIER vereistes om vir 'n regeringbehuisingsubsidie te kwalifiseer. (4)

5.2 Noem DRIE faktore wat 'n ekobewuste verbruiker in ag moet neem wanneer huishoudelike toestelle gekoop word. (3)

5.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Deon, 'n eerstejaarstudent, het 'n bekostigbare eenheid in 'n deeltitel-kompleks naby die tegniese kollege gevind. Hy het die deposito betaal, 'n kontrak vir een jaar geteken en ingetrek.

Nadat hy ingetrek het, het hy gevind dat party van die teëls in die kombuis stukkend was en dat daar strykysterbrandmerke op die mat in die slaaparea was. Die rubberseël van die oond was stukkend, die toiletwater het aanhou loop nadat dit gespoel is en die kombuiskraan het gelek. Deon het 'n video-opname van al die probleme gemaak.

Deon het spykers in die muur geslaan om fotorame op te hang. Hy het elke maand nuwe gloeilampies gekoop omdat daar 'n probleem was met die beligting en elektriese verbindings.

Hy het al die probleme aan die verhuurder, die eienaar van die kompleks, gerapporteer, maar niks is daaraan gedoen nie.

Deon het 'n haarkapperbesigheid vanuit die eenheid bedryf om sakgeld te verdien. Hy het ook sy vriend as kamermaat ingeneem om te help met die huurgeld. Hulle het lawaaierige en wilde partytjies gehou en die bure het gekla. Toe Deon aan die einde van sy kontrak uitgetrek het, het die verhuurder geweier om sy deposito terug te betaal. Deon het die verhuurder by die huisverhuringsraad aangekla.

5.3.1 (a) Identifiseer die tipe kontrak waarna in paragraaf 1 verwys word en gee TWEE regsimplikasies van die ondertekening van die kontrak vir Deon. (4)

(b) Noem VYF kontraktuele bepalings en voorwaardes wat in die kontrak wat Deon geteken het, uiteengesit moet word. (5)

5.3.2 Noem die Wet wat Deon beskerm. (1)

5.3.3 Bespreek VIER voordele van die tipe eienaarskap vir die verhuurder van die eenheid. (4)

5.3.4 Verduidelik wat Deon moes gedoen het om homself wetlik te beskerm voordat hy die kontrak geteken en in die eenheid ingetrek het. (3)

5.3.5 Gee VYF redes waarom Deon se water-en-elektrisiteitsrekening hoër as dié van ander eenhede in die kompleks kon gewees het. (5)

5.3.6 Bespreek waarom Deon daarop geregtig moet wees om sy deposito terug te kry wanneer hy uittrek. (3)

5.4 Stel voor hoe 'n werkgewer sy/haar werknemers kan help om hulle behuisingstoestand te verbeter. (8)
**[40]**

## VRAAG 6: ENTREPRENEURSKAP

6.1 Noem VIER kriteria wat vir 'n goeie advertensie noodsaaklik is. (4)

6.2 Verduidelik die volgende terme met betrekking tot kleinskaalse besigheidspraktyk:

6.2.1 Volhoubare winsgewendheid (2)

6.2.2 Winsopslag (2)

6.3 Gee DRIE redes vir die verpakking van produkte. (3)

6.4 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Maya is 'n nagverpleegster by 'n private hospitaal en sy is geregtig op 14 dae af per maand. Sy het 'n natuurlike talent vir naaldwerk en het 'n vertrek in haar huis in 'n naaldwerkkamer omskep. Sy het twee hoëgehalte-naaimasjiene en een omkapmasjien gekoop. Maya het twee werkers in diens geneem om te verseker dat die kledingstukke betyds voltooi word en om met die bestuur van die finansies en aankope te help. Hulle maak kledingstukke vir formele geleenthede. Sy gee spesiale aandag aan elke kliënt om te verseker dat daar aan alle kliëntebehoeftes voldoen word. Twee weke voor die afleweringsdatum doen haar kliënte die finale aanpas van die kledingstukke. Sy bedien ook verversings aan haar tevrede kliënte.

6.4.1 Verduidelik waarom Maya eerder roetine- of voorkomende instandhouding as korrektiewe instandhouding van haar naaimasjiene moet doen. (4)

6.4.2 Skryf 'n paragraaf om te beskryf hoe Maya goeie kliënteverhoudings vestig. (6)

6.4.3 Oorweeg DRIE faktore in die scenario wat tot die groei van Maya se kleinskaalse onderneming kan bydra. (6)

6.5 Peter verkoop daagliks 100 oliebolle. Die bestanddele kos R35,00 en die ander koste beloop R150,00. Die winsopslag is 50%.

Bereken die verkoopprys van EEN oliebol. Toon ALLE berekeninge en rond die finale bedrag tot die naaste rand af. (6)

6.6 Peter se verkooppunt is langs die plaaslike hoërskool. Die bakkery naby Peter se verkooppunt het in Januarie toegemaak. Sy kliëntebasis het baie vergroot en die skool het aan die einde van Maart 'n groot bestelling vir die interskolesportdag geplaas. Peter het sy produkreeks vergroot en verkoop nou oliebolle, muffins, kolwyntjies ('cupcakes'), pasteie en samoesas asook koeldrank en vrugtesap.

Bestudeer Peter se kontantvloeiprojeksie vir Januarie tot Mei 2016 en beantwoord die vraag wat volg.

| | **Januarie** | **Februarie** | **Maart** | **April** | **Mei** |
|---|---|---|---|---|---|
| Produk-verkope | R5 000,00 | R7 000,00 | R12 000,00 | R5 000,00 | R8 000,00 |
| Vaste uitgawes | R2 500,00 | R2 500,00 | R2 500,00 | R2 500,00 | R2 500,00 |
| Bestanddele | R1 500,00 | R1 750,00 | R4 500,00 | R1 500,00 | R1 750,00 |
| Totale uitgawes | R4 000,00 | R4 250,00 | R7 000,00 | R4 000,00 | R4 250,00 |
| **Totale inkomste** | **R1 000,00** | **R2 750,00** | **R5 000,00** | **R1 000,00** | **R3 750,00** |

Stel redes voor vir die wisseling in die kontantvloeiprojeksie. (7)
**[40]**

**TOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## VERBRUIKERSTUDIES

## FEBRUARIE/MAART 2016

## MEMORANDUM

**PUNTE: 200**

**Hierdie memorandum bestaan uit 13 bladsye.**

## AFDELING A: KORTVRAE

### VRAAG 1

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.1 | 1.1.1 | B ✓ | *Onthou, maklik (Verken, bl. 165; Suksesvolle, bl. 181)* | (1) |
| | 1.1.2 | A ✓ | *Onthou, maklik (Verken, bl. 163; Suksesvolle, bl. 180)* | (1) |
| | 1.1.3 | D ✓ | *Onthou, maklik (Verken, bl. 161; Suksesvolle, bl. 177)* | (1) |
| | 1.1.4 | C ✓ | *Verstaan, maklik (Verken, bl. 77; Suksesvolle, bl. 91)* | (1) |
| | 1.1.5 | B ✓ | *Onthou, maklik (Verken, bl. 73; Suksesvolle, bl. 82)* | (1) |
| | 1.1.6 | D ✓ | *Onthou, maklik (Verken, bl. 94; Suksesvolle, bl. 114)* | (1) |
| | 1.1.7 | A ✓ | *Onthou, maklik (Verken, bl. 90; Suksesvolle, bl. 106)* | (1) |
| | 1.1.8 | D ✓ | *Onthou, maklik (Verken, bl. 106; Suksesvolle, bl.128)* | (1) |
| | 1.1.9 | C ✓ | *Onthou, maklik (Verken, bl. 57; Suksesvolle, bl. 61)* | (1) |
| | 1.1.10 | B ✓ | *Toepassing, matig (Verken, bl. 59; Suksesvolle, bl. 62)* | (1) |
| | 1.1.11 | A ✓ | *Onthou, maklik (Verken, bl. 126; Suksesvolle, bl. 144)* | (1) |
| | 1.1.12 | C ✓ | *Verstaan, matig (Verken, p.136; Suksesvolle, bl. 151)* | (1) |
| | 1.1.13 | D ✓ | *Verstaan, matig (Verken, p.148; Suksesvolle, bl. 163)* | (1) |
| | 1.1.14 | B ✓ | *Verstaan, maklik (Verken, p.134; Suksesvolle, bl. 155)* | (1) |
| | 1.1.15 | C ✓ | *Onthou, maklik (Verken, bl. 167; Suksesvolle, bl. 184)* | (1) |
| | 1.1.16 | A ✓ | *Verstaan, matig (Verken, bl. 13; Suksesvolle, bl. 19)* | (1) |
| | 1.1.17 | B ✓ | *Verstaan, matig (Verken, bl. 21; Suksesvolle, bl. 24)* | (1) |
| | 1.1.18 | C ✓ | *Verstaan, maklik (Verken, bl. 25; Suksesvolle, bl. 25)* | (1) |
| | 1.1.19 | D ✓ | *Verstaan, matig (Verken, bl. 25; Suksesvolle, bl.25)* | (1) |
| | 1.1.20 | B ✓ | *Verstaan, matig (Verken, bl. 35; Suksesvolle, bl.35)* | (1) |
| 1.2 | 1.2.1 | C ✓ vii ✓ | *(Verken, bl. 76; Suksesvolle, bl. 90)* | (2) |
| | 1.2.2 | B ✓ v ✓ | *(Verken, bl. 72; Suksesvolle, bl. 81)* | (2) |
| | 1.2.3 | D ✓ i ✓ | *(Verken, bl. 79; Suksesvolle, bl. 93)* | (2) |
| | 1.2.4 | E ✓ vi ✓ | *(Verken, bl. 79; Suksesvolle, bl. 92)* | (2) |

1.3 1.3.1 Voltitel-/vrypag-eienaarskap ✓ *(Verken, bl. 121; Suk, bl. 139)* (1)

1.3.2 Oordragkoste✓ *(Verken, bl. 128; Suk, bl. 146)* (1)

1.3.3 Titelakte✓ *(Verken, bl. 128; Suk, p.146)* (1)

1.3.4 Aanvangsfooie ✓ *(Verken, bl. 127; Suk, p.146)* (1)

1.3.5 Verbandbeskerming (versekering) ✓ *(Verken, bl. 128; Suk, bl. 145)* (1)

1.3.6 (Omvattende) huiseienaarsversekering ✓ *(Verken, bl. 127; Suk, bl. 145)* (1)

1.3.7 Vaste rentekoers✓ *(Verken, bl. 127; Suk,bl.145)* (1)

*Onthou, maklik*

1.4 B ✓
D ✓
E ✓
F ✓
I ✓ (5)

**[40]**

*Verstaan, matig (Suksesvolle, bl. 49-50, Verken, bl. 50–51)*

**VRAAG 2: DIE VERBRUIKER**

2.1 2.1.1

- Die verbruikersprysindeks (VPI) toon/meet die verandering in die prys/koste✓ van 'n groep produkte en dienste✓ in 'n spesifieke tydperk.✓ (Enige 2) (2)

*Onthou, maklik (Verken, bl. 167; Suksesvolle, bl. 185)*

2.1.2

- Die prys van brood en graankosse het gestyg as gevolg van die droogte in die tweede helfte van 2013.✓
- Die prys van pluimvee het gestyg as gevolg van die styging in die mielieprys.✓ Hoenders eet mielies en dit het aanleiding gegee tot die styging in die pluimvee-pryse.✓
- Die prys van vrugte en groente het gestyg as gevolg van die abnormale hoë reënval/vloede lei tot tekorte en dus skerp prysstygings.✓
- Vervoerkoste beïnvloed afleweringskoste✓ na landelike gebiede en dit dra by tot die styging van die voedselpryse (brood en graankos, groente en vrugte en pluimvee).

(Enige 4) (4)

2.2 2.2.1 Spoel die toilet

- Plaas 'n plastiekbottel wat met water gevul is of 'n baksteen in die spoelbak✓om die hoeveelheid water wat per keer weggespoel word, te verminder.
- Installeer 'n dubbelspoeltoilet wat minder water gebruik om vloeistof weg te spoel.✓
- Maak seker dat die toilet nie lek nie.✓
- Lig die handvatsel nadat gespoel is om onnodige spoel te voorkom.✓
- Gebruik gryswater om toilet te spoel. ✓ (Enige 2) (2)

2.2.2 Tuinmaak

- Plant inheemse en waterbesparende plante✓ wat minder water benodig.
- Installeer 'n reënwatertenk✓ en gebruik die water om die tuin nat te lei.
- Hersirkuleer grys water✓van die wasmasjien/wasbakke/stort/ bad om die tuin/plante nat te lei. (Enige 2) (2)

*Verstaan, matig (Verken, bl. 180 – 181; Suksesvolle, bl. 199)*

2.3

| Kriteria | Piramideskema | Multivlak-bemarkingskema |
|---|---|---|
| Bron van inkomste | Ontvang vergoeding vir die werf van ander lede ✓ | Produkte/dienste word aan die publiek verskaf/ belegging.✓ |
| Status in Suid-Afrika | Piramide skemas is onwettig.✓ | Multivlakskemas is wettig.✓ |

(4)

*Verstaan, matig Verken bl. 162, Suksesvolle bl. 178, 179*

**LET WEL:** Leerders moet 'n vergelyking tref. TWEE punte vir onwettige piramideskema en TWEE punte vir 'n wettige multivlak-bemarkingskema.

2.4 **Betaal skuld met hoë rentekoers**

- Verbruikers sal nie die hoë rentekoers betaal as die skuld vereffen is nie.✓ Verbruikers sal dan meer besteebare inkomste hê.✓
- 'n Styging in die rentekoers✓ kan tot gevolg hê dat meer geld betaal moet word as geld in Januarie geleen word.✓

**Betaal skoolgeld vooruit**

- Die meeste skole gee afslag as skoolgeld vooruit betaal word.✓ Dit bring mee dat daar ekstra geld beskikbaar is vir ander noodsaaklikhede.✓

**Betaal meer/ekstra af op jou huislening**

- Die aantal paaiemente verminder as daar meer/ekstra op die huislening betaal word✓ en ook die hoeveelheid rente wat op die uitstaande leningsbedrag betaal moet word.✓

**Deel vakansieverblyf en voedseluitgawes met familie en vriende**

- As vakansieverblyf gedeel word en elke gesin dra by tot die koste, verminder dit elke gesin se akkommodasie-,✓ water- en elektrisiteitskoste.✓
- Indien gesinne wat saam vakansie hou voedsel op groot maat koop sal dit goedkoper wees✓en hulle sal dus in Januarie meer geld beskikbaar hê.✓

(Enige 3 x 2) (6)
**[20]**

*Analisering, moeilik (Verken, bl. 167-168; Suksesvolle, bl. 184-186)*

## VRAAG 3: VOEDSEL EN VOEDING

3.1 3.1.1
- Basillêre disenterie word deur kontak met die ontlasting van 'n besmette persoon versprei.✓ Dit kan deur voedsel of water gebeur.
- Vlieë speel 'n rol in die oordrag van bakterieë.✓
- Dit kan ook opgedoen word wanneer in besmette water geswem word.✓
- Amebiese disenterie word oorgedra as higiëne swak is✓ en wanneer besmette voedsel en drank ingeneem word sonder om dit voldoende gaar te maak of te kook.✓
- Dit versprei ook deur slaai wat met besmette water gewas is.✓
- Word versprei as hande nie gewas word nadat openbare toilette gebruik is nie.✓ (Enige 5) (5)

*Onthou, maklik (Verken, bl. 90; Suksesvolle, bl. 107)*

3.1.2
- Moenie ontwater nie/drink veilige gekookte water/water wat met chloor behandel is.✓
- Mondelikse rehidrasievloeistof moet ingeneem word om vloeistof en elektroliete wat verlore gegaan het, te vervang.✓
- Disenterie wat deur Shigella-bakterieë veroorsaak word, kan met antibiotika behandel word.✓
- Medikasie is ook vir amebiese disenterie beskikbaar.✓

(Enige 3) (3)

*Onthou, maklik (Verken, bl. 90; Suksesvolle, bl. 107)*

3.2 3.2.1
- Oormatige soutinname/te veel sout✓
- Oorgewig/vetsug as gevolg van oormatige inname van vet/ verfynde koolhidrate/ooreet✓
- Oormatige alkoholgebruik✓
- Onvoldoende inname van melkprodukte, vrugte en groente (kalsium, kalium en magnesium)✓ (Enige 3) (3)

*Onthou, maklik (Verken, bl. 77; Suksesvolle, bl. 87)*

3.2.2 Hoë bloeddruk staan bekend as die stille moordenaar✓omdat daar geen waarskuwingstekens of simptome is nie.✓Onbeheerde hoë bloeddruk kan aanleiding gee tot 'n hartaanval/beroerte/ nierversaking/beskadiging van sig.✓ As mense nie hul bloeddruk gereeld toets nie, sal hulle nie weet dat hulle hieraan ly nie en sal hulle die gevolge daarvan ervaar.✓ As mense hulle bloeddruk toets sal hulle weet dat hulle aan hoë bloeddruk ly en sal hulle leefstylsveranderings kan maak/meer oefen/ophou rook/ dieetveranderings maak.✓ (Enige 3) (3)

*Verstaan, maklik (Verken, bl. 77; Suksesvolle, bl. 87)*

LET WEL: As dit nie in paragraafstyl geskryf is nie, word EEN punt afgetrek.

3.3
- Anorexia✓
- Sy dink haar seun ly honger.✓
- Hy is baie maer geword/verloor aanhoudend gewig
  OF
- Uithongering✓ en om baie maer te wees ✓ is kenmerke van hierdie versteuring.✓ (3)

LET WEL: EEN punt moet vir anorexia toegeken word en TWEE vir die redes.
*Verstaan matig (Verken, bl. 82; Suksesvolle, bl.94)*

3.4
- Asma✓
- Veluitslag✓
- Swelling✓
- Jeuk/loopneus✓
- Kan hiperaktiwiteit in sommige kinders veroorsaak.✓ (Enige 3) (3)

*Verstaan, matig (Verken bl. 95, Suksesvolle bl. 113)*

3.5 3.5.1
- Allergene is voedselproteïene/bestanddele ✓wat 'n allergiese reaksie/respons veroorsaak as dit geëet .✓ (2)

*Onthou, maklik, (Verken bl. 79, Suksesvolle bl. 92)*

3.5.2
- Daar is gluten in die krummels (bevat koringmeel)✓ en in die beslag (bevat koringstysel✓. (2)

*Verstaan, maklik (Verken, bl. 81; Suksesvolle, bl. 94)*

3.5.3
- Die kruie en speserye is bestraal omdat dit 'n onaanvaarbare/baie hoë bakteriële lading bevat.✓
- Dit moet bestraal word om te voorkom dat die viskoekies/of voedsel waarby dit gevoeg word, besmet word.✓ OF As die kruie en speserye nie behandel word nie sal die viskoekies/alle voedsel waarby dit gevoeg word, ook besmet word.✓ (2)

*Verstaan, maklik (Verken, bl. 105; Suksesvolle, bl. 128)*

3.5.4
- Die preserveermiddel/kaliumsorbaat verleng die raklewe✓ van die crème fraiche deur dit teen bederf te beskerm. Vertraag/Voorkom mikrobiese groei/bederf veroorsaak deur mikro-organismes.✓ (2)

*Onthou, maklik (Verken, bl. 95; Suksesvolle, bl. 110)*

3.5.5
- Bak is voordelig vir 'n persoon wat aan vetsug ly omdat geen ekstra vet bygevoeg word nie.✓
- Geen ekstra energie/kilojoules✓ word bygevoeg nie.
- Verminder/beperk die vet/energie/kilojoule-inname wat help met gewigsverlies.✓ (Enige 2) (2)

*Toepassing, matig (Verken, bl. 83; Suksesvolle, bl. 98)*

3.5.6

- Die versadigdevet-inhoud van die viskoekies is laag ✓ (2,5 g/100 g of 2 g/80 g). Vet, veral versadigde vet, moet beperk/verminder/spaarsaam gebruik word✓ omdat dit lae-digtheid-lipoproteïene (LDL) verhoog.✓
- Die viskoekies het 'n lae transvetinhoud✓ (0,1 g/100 g of 0,1 g/80 g). Die transvet-inname moet beperk word✓ aangesien dit die laedigtheids-lipoproteïene (LDL)-cholesterol-vlakke✓ verhoog wat die risiko van koronêre hartsiekte verhoog. ✓
- Die viskoekies het 'n hoë onversadigdevet-inhoud✓ (mono-onversadigde vet: 5,8 g/100 g of 4,6 g/80 g en poli-onversadigde vet: 2,2 g/100 g of 1,8 g/80 g) wat die hoëdigtheidlipoproteïen (HDL) verhoog en die bloed-cholesterolvlakke verlaag.✓
- Die viskoekies bevat baie omega 3-vetsure (578 mg/100 g of 462 mg/80 g).✓ Omega 3-vetsure help om bloed-cholesterolvlakke te verlaag/beskerm die hart en bloedvate✓.
- Die viskoekies het 'n lae cholesterolinhoud ✓(36 g/100 g of 29 mg/80 g). Die inneem van voedsel met baie cholesterol moet beperk word.✓
- Die viskoekies bevat 'n matige hoeveelheid vesel✓ (2,9 g/100 g of 2,3 g/80 g). Vesel het 'n cholesterol-verlagende uitwerking.✓
- Vetsug is 'n risikofaktor vir koronêre hartsiektes.✓ 'n Verlaagde vetinname sal help met gewigsverlies✓ en 'n groter veselinname sal ook met gewigsverlies help.✓
- Die viskoekies bevat nie suiker nie,✓ wat ook sal help met gewigsverlies.✓
- Die viskoekies bevat 'n matige hoeveelheid natrium (338 mg/100 g of 270 mg/80 g).✓ Hoë bloeddruk is 'n risiko-faktor vir koronêre hartsiektes.✓ Sout/Natrium moet beperk word/spaarsaam gebruik word om hoë bloeddruk te beheer.✓

(Enige 9)

- Gevolgtrekking: Die viskoekies is geskik vir die bestuur van koronêre hartsiektes omdat dit gebak en nie in olie gebraai is nie/nutriënte het wat voordelig is vir 'n persoon met koronêre hartsiekte.✓ (1) (10)

**[40]**

*Evaluering, moeilik (Verken, bl. 73–75, bl. 77; Suksesvolle, bl. 83–85)*

LET WEL: Die gevolgtrekking kan ook aan die begin van die leerder se antwoord wees.

## VRAAG 4: KLEDING

4.1
- Die oorspronklike vervaardigers verloor inkomste/verkope.✓
- Die beeld van die handelsmerk ly skade/word negatief geaffekteer.✓
- Verbruikers mag vertroue in die handelsmerk verloor.✓
- Dit verhoed dat geregistreerde handelsmerk-eienaars die mark kan betree waar vervalste handelsmerke populêr is.✓
- Dit benadeel kleinhandelaars wat wettige produkte verkoop, gevolglik daal verkope/inkomste en verloor mense soms hulle werk.✓
- Dit ontneem die nasionale ekonomie van doeaneregte en belastinginkomste.✓
- Daar is geen kompetisie in die mark nie.✓ (Enige 3) (3)

*Onthou, matig (Verken, bl. 64; Suksesvolle, bl. 72)*

4.2
- Die mode word bekendgestel.✓
- Die modeleiers aanvaar of verwerp die style.✓ (2)

*Onthou, maklik (Verken, bl. 49; Suksesvolle, bl. 50)*

4.3 Modesiklusse oorvleuel omdat verbruikers moeg raak vir die ou neigings/minder verbruikers dra die ou neigings omdat belangstelling afneem.✓ 'n Nuwe neiging word bekend gestel/begin/bekende persoonlikhede dra die nuwe neigings.✓ Minder en minder verbruikers dra die ou neiging totdat niemand dit meer dra nie.✓ Terwyl die belangstelling in die ou neiging afneem, is daar meer belangstelling in die nuwe neiging.✓Winkels adverteer die nuwe neiging in tydskrifte en in die vertoonvensters en meer artikels word geproduseer.✓ Teen hierdie tyd is die nuwe neiging goed gevestig en op pad na die hoogtepunt toe. (Enige 2) (2)

*Verstaan, maklik (Verken, bl. 50; Suksesvolle, bl. 50)*

4.4 4.4.1
- Die vertikale strepe sal die illusie skep dat die persoon wat die hemp dra, langer ✓ en skraler is✓ omdat die oog op en af beweeg.✓ (3)

*Verstaan, maklik (Kleding Graad 11)*

4.4.2
- Dit is 'n klassieke styl✓ en kan vir baie jare gedra word/sal nie gou uit die mode gaan nie/is tydloos.✓
- Dit het neutrale kleure✓ wat dit veelsydig maak/meng-en-pas maklik✓met ander kledingstukke.
- Dit lyk formeel/professioneel.✓
- 100% katoen is gemaklik om te dra✓ in winter en somer/alle seisoene.✓
- Die maklike-strykafwerking maak dit maklik om dit te versorg.✓

(Enige 4) (4)

*Analisering, matig (Verken, bl. 56 – 58; Suksesvolle, bl. 61 – 63)*

4.5 Modegiere:
Die geblomde strikdas is blou en wit en sal gou uit die mode gaan/sal net een seisoen duur.✓ (1)

Klassieke style:
Die wit hemp/donker blou baadjie is klassieke style✓ en is tydloos/sal lank in mode bly/'n paar seisoene in mode wees.✓
Wit is 'n neutrale kleur en donkerblou is 'n skadukleur van blou.✓
(Enige 2) (2)

Kontemporêre style:
Die 'skinny' broek is modern/in die mode✓en in 'n ligblou/tint van blou. (2)

Gevolgtrekking:
Die geblomde blou en wit strikdas, wit hemp, donkerblou baadjie en ligblou 'skinny'-broek vorm 'n harmonieuse blou en wit kleurskema.✓ (1) (6)
**[20]**

*Analisering, moeilik (Verken, bl. 49; Suksesvolle, bl. 51, 55)*

## VRAAG 5: BEHUISING

5.1
- Die aansoeker moet 'n Suid-Afrikaanse burger wees of 'n permanente verblyfpermit hê.✓
- Die aansoeker moet minstens 21 jaar oud wees/wetlik bevoeg wees om 'n kontrak aan te gaan.✓
- Die aansoeker se maandelikse inkomste mag nie meer wees as R3 500,00 nie./bewys van inkomste moet ingedien word.✓
- Niemand in die huishouding mag voorheen 'n behuisingsubsidie van die regering verkry het nie, behalwe gestremde persone en mense wat vir 'n konsolideringsubsidie kwalifiseer.✓
- Die aansoeker moet vir die eerste keer 'n huiseienaar wees/mag nie voorheen 'n huis besit het nie, behalwe gestremde mense en mense wat vir 'n konsolideringsubsidie kwalifiseer.✓
- Die aansoeker moet getroud wees of saam met 'n langtermyn-lewensmaat woon. 'n Enkellopende of geskeide persoon met finansiële afhanklikes soos kinders mag ook aansoek doen.✓ (Enige 4) (4)

*Onthou, maklik (Verken, bl. 130; Suksesvolle, bl. 149)*

5.2
- Elektrisiteit-/energieverbruik✓
- Waterverbruik✓
- Impak op die omgewing/koolstofvoetspoor✓ (3)

*Onthou, maklik (Verken bl. 133, Suksesvolle bl. 155)*

5.3 5.3.1 (a)
- 'n Huurkontrak✓
- Deon moet voldoen aan die huurtydperk.✓
- Voldoen aan die bedrag/huurgeld/fooi✓
- Voldoen aan die huurbepalings bv. geen troeteldiere nie, instandhouding en veranderinge aan die eenheid.✓ (4)

*Verstaan, matig (Verken, bl. 117; Suksesvolle, bl. 137)*

(b)
- Datum waarop Deon mag intrek✓
- Tydsduur van kontrak/datum wat kontrak verval✓
- Deposito wat betaal moet word (saam met die eerste maand se huurgeld)✓
- Terme en voorwaardes wat betref die terugbetaling van die deposito✓
- Voorwaardes vir onderverhuring van die eenheid✓
- Voorwaardes rakende die inspeksie van die eiendom✓
- Voorwaardes waarop die eienaar die eenheid mag betree✓
- Wie verantwoordelik is om water en elektrisiteit te betaal✓
- Of troeteldiere toegelaat word✓
- Die voorwaarde dat die eienaar enige verandering wat Deon wil aanbring, eers moet goedkeur✓ (Enige 5) (5)

*Onthou, maklik (Verken, bl. 117 en 118; Suksesvolle, bl. 137)*

5.3.2
- Wet op Huurbehuising✓ (1)

*Onthou, maklik (Verken, bl. 118; Suksesvolle, bl. 137)*

5.3.3
- Dit gee die eienaar/verhuurder 'n gevoel van sekuriteit ✓
- Die eiendom kan as sekuriteit vir 'n lening gebruik word.✓
- Dit is 'n goeie belegging want die waarde van die eiendom verhoog mettertyd/kan vir 'n wins verkoop word.✓
- Die eienaar verkry 'n inkomste uit die verhuring.✓
- Die eienaar het min administrasie want die huiseienaars-vereniging administreer die kompleks.✓
- Hy/Sy bespaar op die koste om 'n groter eiendom en tuin in stand te hou.✓ (Enige 4) (4)

*Verstaan, maklik (Verken, bl. 122; Suksesvolle, bl. 140)*

5.3.4
- Deon moes die kontrak gelees het voordat hy dit geteken het✓
- Hy moes die eiendom eers saam met die eienaar geïnspekteer het✓ en hy moes 'n lys van al die defekte/foute gemaak het✓ voordat hy ingetrek het. (3)

*Toepassing, maklik (Verken, bl. 118; Suksesvolle, bl. 137)*

5.3.5
- Daar was 'n probleem met die ligte en elektriese verbindings/gebreekte rubberseël van oond kon aanleiding gee tot meer kragverbruik✓ Die oond verloor hitte✓en dit sal die baktyd verleng.✓
- Die toilet se water hou aan met loop nadat dit gespoel is, dus mors water.✓
- Die kombuis kraan lek, dus mors water.✓
- Deon het 'n haarkapperbesigheid en gebruik meer elektrisiteit as knipper aangeskakel is.✓
- Deon kon sy klante se hare gewas het en dus meer water gebruik het.✓
- Sy vriend woon by hom dus word meer water en elektrisiteit gebruik.✓
- Hulle het baie partytjies gehou en dit het ook die water-✓ en elektrisiteitsverbruik verhoog✓ omdat hulle musiek gespeel het/voedsel voorberei het.✓ (Enige 5) (5)

*Toepassing, matig (Scenario)*

5.3.6
- Deon het foto's/'video clips'✓met die datum✓ geneem toe hy ingetrek het .
- Dit was die bewys dat hy nie verantwoordelik was vir die teëls wat gebreek was nie/brandmerk op die tapyt/lekkende kombuiskraan/ gebreekte toilet spoelstelsel/gebreekte rubberseël van die oond✓ (3)

*Toepassing, matig (Scenario)*

5.4
- Werkgewers moet bewus wees van hul werknemers se behuisingsomstandighede en hulle help om hulle huise te verbeter.✓
- Werkgewers kan hulle werknemers help deur 'n maandelikse behuisingstoelae/subsidie aan te bied✓wat hulle sal help om maandelikse paaiemente op eiendom/huisverbeterings te betaal. ✓
- Subsidieer 'n gedeelte van die werknemer se huislening.✓ Dit sal aanleiding gee tot laer verbandkoste.
- Deur 'n salaris/loon te betaal wat dit moontlik sal maak dat werknemers hul huur kan betaal✓ en ook kan spaar om 'n eie huis/eiendom te koop/ bestaande eiendom te verbeter.✓
- Om werknemers die opsie te bied om in die maatskappy/firma se huise te woon✓ teen 'n laer huur tarief terwyl hulle in diens van die maatskappy/firma is. ✓
- Deur te reël dat die werknemers huislenings✓ kan aangaan en te help met die aankoop van boumateriaal.✓
- Help werknemers om hulle pensioen as kollaterale sekuriteit vir lenings te gebruik/bied waarborge aan leners
- Te help met die koste vir die hervestiging/vervoer te verskaf vir hervestiging sodat meer geld beskikbaar is vir moontlike huisverbeterings.✓
- Deur sonpanele by werknemers se huise aan te bring om die koste van elektrisiteit te verminder.✓ Die werknemers sal dus geld spaar wat gebruik kan word om huishoudelike toestelle te koop. ✓
- Verskaf verbruikersopvoeding ten opsigte van behuising en gee raad.✓ (8)

**[40]**

*Analisering, matig (Verken bl. 132, Suksesvolle bl. 150)*

## VRAAG 6: ENTREPRENEURSKAP

6.1
- Moet aandag trek/kleurvol/leesbaar✓
- Skep 'n bewustheid oor 'n produk of diens✓
- Dit prikkel belangstelling in die produk/diens✓
- Wek 'n begeerte vir die produk/diens✓
- Oorreed klante om te koop/Lei tot koopaksie✓
- Brei mark uit na nuwe klante✓
- Kondig 'n wysiging/uitbreiding van jou besigheid aan✓
- Stel die telefoonnommer/e-posadres/inligting aan klante beskikbaar ✓
- Maak die ligging van die besigheid bekend✓
- Handhaaf verkope/herinner klante gedurig aan die besigheid.✓ (Enige 4) (4)

*Onthou, maklik (Verken bl. 30, Suksesvolle bl. 30)*

6.2 6.2.1 Volhoubare winsgewendheid
- Volhoubare winsgewendheid is die besigheid se vermoë om 'n bestendige vlak van produksie en verkope te handhaaf✓ sonder om beskikbare kontant uit te put.✓

  OF
- 'n Winsgewende besigheid is een wat 'n plan het om seker te maak dat dit kan groei✓ en op die lange duur steeds 'n wins kan voortbring.✓ (2)

*Onthou, maklik (Verken, bl. 35; Suksesvolle, bl. 34)*

6.2.2 Winsopslag
- Die hoeveelheid/persentasie wat by die kosprys✓ van goedere gevoeg word om oorhoofse kostes te dek✓ en steeds geld te laat oorbly vir wins.✓ (Enige 2) (2)

*Onthou, maklik (Verken, bl. 37; Suksesvolle, bl. 39)*

6.3
- Om die produk te beskerm✓
- Om die produk veilig en higiënies te hou✓
- Dit kan die 'stille verkoopspersoon' wees/verbruikers se aandag trek✓
- Goed ontwerpte verpakking kan die beeld van die besigheid bevorder✓

(Enige 3) (3)

*Onthou, maklik (Verken, bl. 30; Suksesvolle, bl. 30)*

6.4 6.4.1
- Gereelde onderhoud sal onverwagse onderbrekings tydens produksie verhoed✓ en 'n aaneenlopende produksievloei verseker.✓
- Dit verminder herstelwerk en ongeskeduleerde onderhoud✓
- Korrektiewe onderhoud sal 'n onderbreking in produksie veroorsaak as die masjiene breek✓ dus sal tyd vermors word✓ en die kledingstukke sal nie betyds afgelewer kan word nie.✓
- Met korrektiewe onderhoud sal daar meer ongeskeduleerde onderhoud en groot herstelwerk plaasvind✓en meer geld sal spandeer word.✓ (Enige 4) (4)

*Verstaan, matig (Verken, bl. 25; Suksesvolle, bl. 25)*

Kopiereg voorbehou 

6.4.2 Maya gee spesiale aandag aan elke kliënt.✓ Kliënte doen die finale passing van die kledingstukke✓ (en mag terugvoering gee na elke passing)✓wat Maya dan gebruik om die kledingstukke/ besigheid/diens te verbeter.✓ Maya voldoen aan die kliënte se behoeftes.✓ Die kledingstukke is altyd twee weke voor die afleweringsdatum gereed✓dit verseker dat die kliënte tevrede is.✓ Sy bedien verversings aan haar kliënte, hulle voel belangrik en dit verseker dat hulle graag met haar besigheid doen.✓ (Enige 6) (6)

*Verstaan, moeilik (Verken, bl. 7–9; Suksesvolle, bl. 10-12*

LET WEL: As dit nie in paragraafstyl geskryf is nie, word EEN punt afgetrek.

6.4.3
- Maya het 'n natuurlike talent vir naaldwerk en sal hoë gehalte produkte produseer.✓
- Maya gee spesiale aandag aan/stel belang in haar kliënte en maak seker dat hulle behoeftes bevredig word.✓
- Sy het kapitaal/geld✓ om naaimasjiene en 'n omkapmasjien te koop✓ omdat sy 'n salaris verdien het.✓
- Sy het tyd✓omdat sy geregtig is op 14 dae af in 'n maand✓
- Sy het 'n plek vir die besigheid✓- sy het 'n vertrek in haar huis in 'n naaldwerkkamer omskep.✓
- Sy maak kledingstukke vir formele geleenthede✓ (Enige 6) (6)

*Toepassing, matig (Verken, bl. 13; Suksesvolle, bl. 25)*

6.5 Totale koste van produksie = koste van grondstof+ ander koste =
R35,00 + R150,00 = R185,00✓

Verkoopprys = totale produksiekoste + winsopslag
= R185,00 + (50/100)/50% = R92,50✓
= R185,00 + R92,50✓
= R277,50✓
= R277,50 ÷ 100✓
= R2,78 afgerond = R3,00✓ (6)

*Toepassing, matig (Verken, bl. 37, Suksesvolle, bl. 39)*

6.6
- In Januarie het Peter R1 500,00 op bestanddele spandeer omdat minder oliebolle gemaak en verkoop is.✓ Daar was net twee skoolweke as gevolg van die Desembervakansie.✓
- Tydens Februarie het verkope toegeneem✓ omdat die bakkery toegemaak het en Peter se besigheid meer kliënte gekry het.✓
- Maart se verkope was die hoogste✓ as gevolg van die groot bestelling vir die sportdag.✓
- In April het die verkope afgeneem ✓ as gevolg van die skoolvakansie.✓
- In Mei het die verkope toegeneem ✓ omdat Peter sy produkreeks vergroot het/'n groter verskeidenheid verkoop.✓ (Enige 7) (7)

**[40]**

*Analisering, moeilik (Scenario, Verken, bl. 40-41, Suksesvolle, bl. 42)*

**TOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou